Sondag **3 November**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:1-9**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:6, 7**

## Plant en gooi nat, God sal laat groei

Daar was meer as genoeg probleme in die gemeente van Korinte. Klink dit bekend? In die eerste vier hoofstukke konsentreer Paulus op ’n probleem wat ook nie vir ons vreemd klink nie. Daar het naamlik verdeeldheid, onenigheid, dwarstrekkery en verbittering in die gemeente ontstaan. Wat was die rede hiervoor? Sekere lidmate het aanhangers geword van verskillende predikers wat in die gemeente opgetree het. So het Paulus, Apollos en Petrus elk hulle eie volgelinge gehad (1 Kor. 1:12).

Die persoon en styl van die predikers het nou belangriker geword as die boodskap van die evangelie. Groepvorming was die noodwendige gevolg. Elkeen spog in sondige hoogmoed met sy eie leraar, net soos klein kindertjies sal spog met wie die beste, slimste, vernaamste sou wees (vs 1).

Nou vermaan Paulus hulle deur hulle daarop te wys dat die werk in diens van die Here plant- en natgooiwerk is. Dit is belangrike werk, maar ook werk waaroor jy jou nooit kan verbeel jy is self belangrik nie: “*Daarom is nóg hy wat plant, nóg hy wat natgooi iets, maar slegs God wat laat groei”* (vs 7). Want net so min as wat ’n mens groeikrag aan ’n plant kan gee, net so min kan jy geloof en bekering in iemand se hart plant. God alleen gee die groei op sy tyd. Bring jy net die boodskap van Jesus Christus: eenvoudig, onopgesmuk, geestelik. Wêreldse wysheid, welsprekendheid en redenaarskunsies is nie nodig nie. God sal laat groei.

Moet vir geen oomblik dink dit is net ampdraers in die kerk wat plant en natgooi nie. Waar het jy al geplant en natgegooi? In jou kinders en kleinkinders se verbondsopvoeding, in gesprekke met jou kollegas by jou werkplek en met jou arbeiders, in jou Bybelstudiegroep. Soveel geleenthede wat die Here gee en jy moet aangryp. Doen dit in die geloof en biddend en jy sal die groei sien wat God in sy saailand gee.

*Sing: Psalm 90-1:9*

*Ds. DJA (Danie) Booyens (Koster)*